Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

*(Noord-Kaapse Afdeling)*

Saakno: KS 81/02

Datum Verhoor:
Datum Gelewer: 19 / 01 / 2004

In die saak van:

**DIE STAAT**

*versus*

**KAREL JACOBUS VORSTER**

Coram: **MAJIEDT R**

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

**1.** Die beskuldigde staan tereg op 'n aanklag van moord. Hy word daarvan beskuldig dat hy op 10 April 2001 te of naby die Grand Hotel in Kuruman vir ene Willem Speelman wederegtelik en opsetlik gedood het.

**2.** Die beskuldigde het onskuldig gepleit en sy veweer is by die aanvraag van die verhoor op rekord geplaas by monde van sy raadsman, mnr. Langenhoven, as synde een van amnesie of gesonde outomatisme. In wese behels dié betrokke nog so erg onder die invloed van strek drank was dat hy niks kan onthou van die gebeure van die bepaalde nag nie.

**3.** Dit is gemene saak dat die oorledene se lyk ontdek is in 'n stegie agter die Grand Hotel in die voeë oggendure van 10

April 2001. Foto's van die toneel is omstreeks 3 uur die oggend van 10 April 2001 geneem deur inspekteur Fortuin van die SAPD se Plaaslike Kriminele Rekordsentrum te Kuruman. Die foto's is ingehandig as bewysstuk.

Van die foto's sluit in 2 foto's van die beskuldigde wat deur inspekteur Fortuin geneem is by die Kuruman SAPD se aanklagkantoor. Volgens inspekteur Fortuin was die beskuldigde se gedrag tydens die neem van die foto's vreemd – hy het nie normaal opgetree nie deurdat hy, soos blyk uit een van die foto's 'n vertonerige posisie ingeneem het.

Ek sal later weer na hierdie aspek verwys.

**4.** 'n Inspeksie ter plaatse is gehou en was van aansienlike bystand by die oriëntering van die verskeietonele waarvan

melding gemaak was tydens die verhoor. Die opvallendste aspekte van hierdie inspeksie is die volgende:

(a) dat die stegie agter die Grand Hotel waar die oorledende gevind is uiters swak belig behoort te wees gedurende die nag en dat, gegewe die posisie in die stegie waar die oorledende gevind was, die lyk redelik weggesteek was daar;

(b) dit is ‘n aansienlike distansie vanaf die Jawa taverne, waarna later verwys sal word, tot by dié bepaalde stegie, naamlik 500 meter;

(c) die afstand vanaf die Savoy Hotel, waar die beskuldigde hom op ‘n staduim daardie nag bevind het volgens die getuienis, tot by die stegie is 187 ‘treë.

**5.** Uit die mediese getuienis, te wete die lykshouingsverslag soos

nader toegelig deur Dr Scheepers, blyk dit dat die hoofoorsaak van dood ‘n massiewe hoofbesering was. Die oorledende se linkeroor was verskeur en hy het ‘ n fraktuur van die mandibel gehad. Dit is duidelik dat ‘n masiewe toediening van stomp trauma tot dié beserings gelei het. Die dokter was dit eers dat dié beserings toegedien kon gewees het met die groot baksteen wat langsaan die oorledeneaangetref is en wat as bewystuk by die hof ingedien is. Die baksteen weeg bykans 7kg volgens getuies voor my.

________________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

ADVOKAAT NAMENS STAAT: ADV. E. KAMMIES

ADVOKAAT NAMENS BESKULDIGDE: ADV. T. LANGENHOVEN

PROKUREUR NAMENS EISER:

PROKUREUR NAMENS VERWEERDER:

DATUM VAN VERHOOR:

DATUM VAN UITSPRAAK: